HOËRSKOOL RANDBURG

Spesifieke Ouerumsendbrief nr. 88 van 2026

5 Augustus 2026

Geagte Ouer/Voog

Ons rig graag hierdie skrywe aan u omdat u graad 12-kind se sukses en toekoms vir ons van groot belang is.

Daar is nou nog slegs twee weke voordat die rekordeksamen afskop. Hierdie tydperk is van kardinale belang, aangesien onderwysers die finale afronding van die sillabus doen, belangrike konsepte hersien, leemtes aanspreek en leerders voorberei om die rekordeksamen met selfvertroue aan te pak.

Ons ervaar jaarliks dat sommige graad 12-leerders vanaf hierdie tyd van die jaar die neiging het om eerder tuis te bly om self te studeer. Hoewel ons die waarde van selfstudie erken, kan dit nie die daaglikse begeleiding, verduidelikings en ondersteuning wat in die klaskamer plaasvind, vervang nie. Elke skooldag bied geleenthede vir vrae, hersiening, eksamengerigte voorbereiding en die vaslegging van moeilike werk wat 'n betekenisvolle verskil aan 'n leerder se prestasie kan maak.

Benewens die voltooiing van die sillabus, is daar ook nog verskeie SBA-take, PAT's en ander assesserings wat betyds afgehandel moet word voordat die rekordeksamen begin. Gereelde skoolbywoning verseker dat leerders op datum bly en nie onnodige agterstande opbou nie.

Ons doen daarom 'n ernstige beroep op u om u kind aan te moedig om hierdie laaste twee weke getrou skool by te woon. Ons graad 12-onderwysers is ervare, toegewyd en ten volle verbind daartoe om elke leerder die beste moontlike voorbereiding vir die rekord- én eindeksamen te gee.

Hierdie laaste paar weke kan 'n bepalende rol in u kind se akademiese prestasie en uiteindelike matriekuitslae speel. Deur as ouers en skool saam te werk, gee ons, ons matrikulante die beste moontlike geleentheid om hul volle potensiaal te bereik.

Vriendelike Randjiegroete

E. Mans
Adjunkhoof: Akademie

P. Booysen
Skoolhoof